Slimbegin

Agter NGK Worcester-Oos
Murraystraat, Worcester

064 855 6738 of
023 347 0453

slimbegin@worcesteroos.co.za
ontvangs@worcesteroos.co.za

# INLIGTINGSTUK 2026

VOEDINGSBRON VIR

Klein Oosies

# VOORWOORD

Liewe Mamma & Pappa

Baie dankie vir u belangstelling en navraag vir SlimBegin.  Om deel van ons SlimBegin-familie te word, is die eerste en regte stap om 'n Klein-OOSie te word.

By SlimBegin het ons 'n passie vir kinders!

Ons bied 'n veilige omgewing waar u kleuter met selfvertroue kan ontwikkel tot sy/haar volle potensiaal deur deelname aan ons Opvoedkundige program en stimulerende aktiwiteite.

Die personeel en bestuur van SlimBegin verbind hulle tot:


- Handhawing van Chistelike normes en waardes.
- 'n Veilige omgewing waarin kleuters tot hul volle potensiaal kan ontwikkel.
- Gelukkige kleuters wat kan leer, speel en fantaseer soos net kinders kan doen!
- 'n Skoon en veilige omgewing.
- Die taal van onderrig is Afrikaans.
- Goeie en openlike skool- en ouer verhoudings.

Hier wil ons u kind verwelkom in 'n wêreld waar hy/sy kan ontwikkel na sy eie beeld en om sy/haar eie gedagtes selfstandig aan te wakker. Elke SlimBegin-maatjie het 'n spesiale plekkie om te vul in die wêreld. Dankie dat u ons vertrou om saam met u kleinding te bou aan daardie roeping.

Daar is twee tipes geskenke wat ons vir ons kinders moet gee: Diepgewortelde waardes en die vlerke om te vlieg.

SlimBegin Skoolfhoof


Sonia Nieuwoudt



**"waar OOSies gevorm word"**

# STAPPE VAN AANSOEKPROSES

- Voltooi die aansoekvorm volledig.
- Maak kopieë van mamma en pappa se identiteitsdokumente, kind se geboortesertifikaat, asook kind se immuniserings.
- Heg aansoekvorm, sowel as bogenoemde dokumente aanmekaar.
- Gee al hierdie dokumente af by SlimBegin. Indien u nie in Worcester bly nie, kan die dokumente per epos gestuur word, maar die oorspronklike dokumente moet u kind vergesel op die eerste dag van skooltjie.
- Keuring vind plaas.
- 'n Aanvaardingsbrief word deur SlimBegin uitgereik.
- Mamma of pappa onderteken die aanvaardingsbrief, om sodoende kind se plekkie by SlimBegin te verseker.
- Epos die aanvaardingsbrief terug na **slimbegin@worcesteroos.co.za**.
- Met die eerste dag van sorg, kan u 'n afstandbeheerder by die skoolhoof afhaal en daarvoor teken.
- GEEN deposito of skoolgeld word by SlimBegin betaal nie. 'n Rekening, vanaf ons finansiële afdeling, sal aan u gestuur word vir vereffening daarvan.



# LEERPROGRAM

SlimBegin se leerprogram is gebasseer op die Nasionale Kurrikulum Verklaring. Die emosionele-, kognitiewe-, motoriese- en kognetiewe aspekte van die kind word progressief ontwikkel. Die skool se opvoedingsfilosofie word weerspieël in die aanbieding van die dagprogram.

Verskeie leerprogramme, onder andere Eldas Kurrikulum, is gebruik vir die samestelling van die leerpogram.

Die Kurrikulum sluit die volgende in:

- Bybelonderrig
- Kunsaktiwiteite
- Roetine aktiwiteite
- Lewensoriëntering
- Buitespel
- Groot- en fynmotoriese ontwikkeling
- Taalontwikkeling
- Geletterdheid
- Sang, Musiek en Beweging







# SKOOLDAE, TYE & TARIEWE

5 dae – Maandag tot Vrydag
3 dae – Maandag, Woensdag en Vrydag
2 dae – Dinsdag en Donderdag

## DAGSORG

**3 - 5 MAANDE BABAS**
(Geen etes)

5 dae Voldag (06:50 - 17:30) R2 575 per maand R30 900 per jaar

**6 MAANDE - 3 JARIGES**
(Etes ingesluit)

5 dae Voldag (06:50 - 17:30) R2 575 per maand R30 900 per jaar

**6 MAANDE - 3 JARIGES**
(Etes ingesluit)

5 dae Halfdag (06:50 - 14:00) R2 125 per maand R25 500 per jaar

## SPEELGROEPIE VIR 2 - 3 JARIGES

Vir maatjies wat nie deel van SlimBegin se Dagsorg is nie, maar net 'n Speelgroepie soek vir stimulasie en sosialisering.

(Geen etes)

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 5 dae | Oggende | (08:00 - 12:00) | R1 740 per maand | R20 880 per jaar |
| 3 dae | Oggende | (08:00 - 12:00) | R1 205 per maand | R14 460 per jaar |
| 2 dae | Oggende | (08:00 - 12:00) | R 810 per maand | R 9 720 per jaar |

**BETALING GESKIED VANAF JANUARIE TOT DESEMBER**

SlimBegin is oop dwarsdeur die jaar behalwe op publieke vakansiedae en 3 weke oor die feesseisoen in Desember en Januarie.

- Kleuters en babas word persoonlik ontvang vanaf 06:50. Let asseblief daarop dat kleuters nie by die hek afgelaai mag word nie, maar deur die ouer aan die persoon aan diens oorhandig moet word.
- Kinders kan tot 08:00 afgelaai word, waarna ons met ons dagprogram begin. Skooltjie sluit stiptelik om 17:30 vanaf Maandag tot Donderdag en Vrydae om 17:00.
- Indien u kind 'n dokter, kliniek, ens besoek, wil ons vra dat u nie 'n afspraak maak in slaaptyd of etenstyd nie, maar liewer in speeltyd. Dit is minder ontwrigtend vir u kind.
- Ouers word versoek om betyds te wees aangesien die dagprogram omstreeks 08:30 begin en u kleuter sekere aktiwiteite kan misloop en dit ook ontwrigtend kan wees as hy/sy altyd laat is.
- Indien u kleuter slegs vir 2 of 3 dae ingeskryf is by die skooltjie, wil ons vra dat u asb by die  dae sal hou waarvoor u u kind ingeskryf het. Dae kan nie geruil word met 'n ander dag nie.  Dit maak ons beplanning rondom kos en klasroetines moeilik.
- Kleuters word nie na wagtende motors gestuur nie, maar word persoonlik deur die ouers afgehaal.
- Indien iemand anders u kind gaan kom afhaal MOET daar vooraf per WhatsApp of op enige ander skriftelike manier aan u kind se klasjuffrou kennis gegee word wie die persoon is en wat die verwantskap is.
- Ouers word versoek om nie laat te kom wanneer die kleuter 12:00 met Speelgroepie klaarmaak nie, aangesien dit `n klein kindjie geweldig ontstel as almal vertrek en hy/sy alleen agterbly.
- Kinders **MOET** in- en uit geteken word.

# NASORG

**KLEIN OOSIES - GRAAD R**

Gedurende skoolkwartale en sluit die volgende in:

- Ligte middagete.
- Skoon, positiewe en gelukkige atmosfeer vir kinders.
- Goeie, openlike ouer-skool verhouding.
- Christelike normes en waardes.
- Gestruktureerde en stimulerende omgewing.
- Bekwame personeel.
- Busvervoer vanaf Klein-OOSies, met betroubare personeel met PDP aan die stuur, asook 'n juffrou vir toesig op die bus.
- Vakansiesorg beskikbaar, behalwe in Desember en Januarie.

| | | |
|---|---|---|
| **5 dae** | **R1 470 per maand** | **R17 640  per jaar** |

**BETALING GESKIED VANAF JANUARIE TOT DESEMBER**

# VAKANSIESORG VIR SLIMBEGIN NASORG-MAATS

**SLEGS VIR KLEIN OOSIES - GRAAD R**

Gedurende skoolvakansies en sluit die volgende in:

- Ontbyt (pap) en ligte middagete.
- Nie-formele vakansieprogram, aangebied deur bekwame personeel.
- Vakansiesorg beskikbaar, behalwe in Desember en Januarie.
- Vakansiesorg is vooruit betaalbaar met bevestiging van datums van sorg.

**R80 per dag**

# FINANSIES

Fooie word maandeliks elektronies inbetaal in die volgende rekening:

LAERSKOOL WORCESTER-OOS
ABSA BANK BEPERK
TJEKREKENING
REKENINGNOMMER: 440490026
TAKKODE: 632005
VERWYSING: Rekeningverwysing (familie), asook waarvoor inbetaling gemaak word.

Let op die volgende finansiële terme:

- Dat fooie vooruitbetaalbaar is voor of op die 1ste dag van die maand, oor 'n tydperk van 12 maande. Indien my fooie met meer as 30 dae agterstallig is, aanvaar ek dat my kind toegang geweier sal word totdat alle uitstaande fooie vereffen is.
- Fooie is ook jaarliks vooruitbetaalbaar teen 1 Desember.
- Fooiverhogings sal in Januariemaand geskied.
- Dat indien regstappe sou volg op onbetaalde skoolgeld, sal ek as ouer verantwoordelik gehou word vir alle regskoste en rente verhaal op die uitstaande bedrag.
- Dat skriftelike kennis van een kalendermaand vereis word indien my kind uit die Dagsorg of Nasorg geneem word, anders is die rekeninghouer steeds verantwoordelik vir die volgende maand se betaling.
- Fooie is betaalbaar ongeag of my kind soos bespreek skool bywoon al dan nie. In geval van siekte of vakansie is ek steeds verplig om die skoolgelde te vereffen.
- Geen kennis kan ongelukkig vir die laaste kwartaal gegee word nie, sou daar kennis gegee word vir Oktober of November, sal die rekeninghouer aanspreeklik wees vir die volle kwartaal se fooie tot einde Desember.

# DEPOSITO

‘n *Nie-terugbetaalbare deposito* van R600 is betaalbaar met die aansoek van u kind. Hierdie deposito word gebruik om goedjies aan te koop wat u kind sal nodig kry deur die loop van die jaar by die skooltjie.

‘n *Terugbetaalbare deposito* van R300 vir ‘n afstandbeheerder vir SlimBegin se motorhek. Indien u die afstanbeheerder verloor of die afstandbeheerder buite werking raak, is u verantwoordelik om vir ‘n nuwe een te betaal en u verloor die deposito van die eerste een.  Deposito sal slegs terugbetaal word vir ‘n werkende afstandbeheerder.

# SPEELGOED & KLEREDRAG

- **Kinders word nie toegelaat om speelgoed skool toe te bring nie** (tensy dit ‘n “trosie” is vir slaaptyd).
- Ouers word versoek om toe te sien dat kleuters gemaklik aangetrek is, sodat hulle met gemak kan speel en mag vuil word. Spel met verf, sand en water is deel van die dag se werk en deftige klere weerhou die kleuter van deelname aan hierdie belangrike aktiwiteite.
- Alle klere en besittings moet gemerk wees.
- 2 – 3 jarige dogtertjies moet ‘n kortbroek of “tight” onder hul rokkie aantrek.

# PARKERING

Ons kan nie genoeg klem lê op die veiligheid van ons maats nie!

- Neem asseblief kennis van die elektriese-heining by die parkeerarea.
- Maats moet nie in die parkeerarea of tuin speel nie en moet te alle tye onder toesig wees. Kinders moet asb nie klippe gooi nie. Daar is vensters en motors naby wat raak gegooi kan word.
- Maak asseblief altyd eers seker voordat u in tru-rat wegtrek dat daar geen kinders agter die voertuig is nie.
- Niemand mag in die pad, voor die dagsorg- of nasorg se voordeur parkeer nie (slegs ons skoolbussie, vir die aflaai van ons nasorgmaats). Parkeer asseblief te alle tye op ‘n geskikte parkeerplek.
- Wag asseblief om te kyk dat die hek agter u toegaan voordat u ry.
- **WEES ASB GEDULDIG MET MEKAAR.**
- **MOENIE VINNIG RY NIE – KINDERS BEWEEG HIER.**

# MEDIKASIE

**GEEN VORM VAN PYN- OF KOORSSTROOP MAG DEUR ‘N PERSONEELLID OF ‘N OUER OP DIE PERSEEL VAN SLIMBEGIN GEGEE WORD NIE.**

**GEEN** medikasie sal toegedien word by die skool sonder skriftelike toestemming van die ouers nie. Dus moet kinders met koors, oorpyn, diarree, veluitslag, ooginfeksie, vomering en ander aansteeklike siektes, liefs tuis gehou word. Indien u kind enige van hierdie kondisies/simptome toon met aankoms of dit ontwikkel deur die loop van die dag, sal u gekontak word om u kind so gou moontlik te kom haal.

- Alle medikasie wat aan u kind gegee moet word tydens ons sorg moet in die Medikasie Register aangeteken word. GEEN medikasie sal aan ‘n kind gegee word indien dit nie aangeteken is nie.
- Alle medikasie MOET aan die klasjuffrou gegee word en mag onder geen omstandighede in die kind se tas gelos word nie.
- Die regte hoeveelheid medisyne moet reeds opgetrek wees in ‘n medisynebuis en moet in ‘n geseëlde bakkie met die kind se naam bo-op aan die onderwyseres gegee word.
- Indien u kind siek word by die skool, sal u as ouer gekontak word as die personeel dink dit is in die kind se beste belang om huistoe/dokter toe te gaan.
- Kleuters met koors hoër as **37.5°C**, sal huistoe gestuur word, en weer toegelaat word by die skool met medikasie vir die spesifieke siekte en as die kleuter **24 uur koorsvry is, sonder medikasie.**

**GEEN KIND SAL TOEGELAAT WORD BY DIE SKOOL MET ‘N AANSTEEKLIKE SIEKTE NIE.**

**GEEN KLEUTER MET LUISE/NETE SAL TOEGELAAT WORD BY DIE SKOOL NIE.**

(Sien aangehegte beleide.)



# VERVERSINGS & VOEDSEL

- Ouers van kinders 1 jaar tot 3 jaar, moet 'n kosblik met gesonde verversings saamstuur vir 'n oggendhappie. GEEN ongesonde peuselhappies soos bv Flings, word toegelaat nie. Moet asb nie vir die kinders "squish" inpak vir 'n verversing nie. 'n Broodjie bly 'n wenner.
- 'n Botteltjie met 'n uittrekproppie met sap of water moet elke dag ingepak word (geen boksies koeldrank nie). Die kind moet dit self kan hanteer.
- Indien u kind nog in die middae 15:00 by die skooltjie is, moet 'n jogurt saamgestuur word vir 'n middaghappie.
- Ons vra dat ouers asseblief sover moontlik nie lekkergoed inpak skool toe nie. (As dit partytjietyd is – kan u reël met die klas juffrou om iets spesiaals te verskaf aan die kleuters.)
- Drinkwater is altyd beskikbaar en word op 'n gereelde basis aan die kinders gegee.
- Indien `n kind enige kosallergieë het, moet SlimBegin asseblief met registrasie daarvan verwittig word en sal dit help as u self die korrekte kos kan voorsien.
- 'n Weeklikse spyskaart sal aan die ouers beskikbaar gestel word. Dit word ook op 'n daaglikse basis by die voordeur op die bord geplaas.
- Pap word slegs tot 08:00 gegee, aangesien ons dagprogram 08:30 begin.

# PARTYTJIES

- Hierdie geld net vir 1 – 3 jariges wat daagliks by die Dagsorg is.
- Geen geskenke sal gegee word nie.
- Slegs koek, koeldrank en 'n pakkie skryfies is toelaatbaar. Geen pakkies lekkers, suigstokkies en of Fizzers nie.
- Geen maatjies mag van buite die skooltjie genooi word nie.
- Partytjietye: Tref asseblief reëlings met betrokke juffrou.
- Geen springkastele word toegelaat nie.

# GELDE

- Skoolgelde moet elektronies inbetaal word.
- Alle ander gelde moet in 'n koevertjie geplaas word met die maatjie se naam en besonderhede van wat betaal word daarop. Gee dit asb self vir die klas juffrou. Moenie dit net in die sak los nie.
- Geen kleingeld word teruggegee nie.
- Geen tjeks asseblief.
- Buitemuurse aktiwiteite word elektronies aan daardie betrokke persone betaal. Geen verantwoordelikheid sal deur SlimBegin se personeellede aanvaar word vir hierdie gelde nie.

# KOMMUNIKASIESTELSEL

- Ons maak gebruik van 'n WhatsApp-stelsel vir 'n meer raakvat kommunikasie tussen ouer en skool. (NB: Laat weet ons indien u selfoonnommer verander.)
- Ons vra ook dat u die D6-App op u telefoon installeer. (Meer inligting sal aan u deurgegee word.)
- Indien daar 'n insident by die skool plaasgevind het waarby 'n kind betrokke is, mag geen ouer ander ouers kontak of met die ander kind praat nie. Alle situasies word professioneel deur die skoolhoof en personeel hanteer. Ouers mag ook nie daarop aandring dat ouers mediese kostes dra agv 'n insident nie.

# AFSPRAKE

- Indien u 'n saak met 'n juffrou wil bespreek, moet u asseblief vroegtydig 'n afspraak met die spesifieke juffrou maak.

# ALGEMEEN

- Geen ouer kan aanspraak maak op enige terugbetalings as die kind afwesig is vir enige gedeelte van die kwartaal nie – nie weens siekte of enige ander redes nie.
- Alle persone en kinders wat by SlimBegin inskryf of die perseel betree, doen dit op eie risiko.
- Die reg van toegang tot die perseel word te alle tye voorbehou. Ons het egter 'n oop deur beleid vir enige ingeskrewe ouer.
- Alle persone wat SlimBegin se eiendom betree, die ouers van kleuters en die partye tot hierdie ooreenkoms, onderneem om die reëls en regulasies van SlimBegin stiptelik na te kom en bevestig dat daardie reëls by hierdie ooreen-koms ingelyf word as deel daarvan.

# BUITEMUURSE AKTIWITEITE

Buitemuurse aktiwiteite sal aangebied word, maar dit sal vir elke ouer se persoonlike rekening wees. Die aktiwiteite se kostes en inligting sal deur die afsonderlike afrigters aan u deurgegee word vroeg in die eerste kwartaal.

JUMP AHEAD KINDERKINETIKA · playball · RSD · monkeynastix

# TERAPEUTE

Indien u kind arbeidsterapie of spraakterapie sou benodig, sal ons help met die nodige aanbevelings. Ons verwelkom ook altyd arbeidsterapeute om die kinders by die skool te evalueer vir 'n meer raakvat evaluering.

# DAGPROGRAM

**BABAS (4 – 5 maande)**

Volg eie roetine soos mamma dit deurgee.

**BABAS (6 maande - ±18 maande)**

| | |
|---|---|
| 07:00 – 08:00 | Aankoms, pap en doeke ruil |
| 08:00 - 08:30 | Doeke ruil |
| 08:30 | Drinktyd |
| 09:00 – 10:00 | Rustyd |
| 10:00 – 10:30 | Doeke word geruil |
| 10:30 – 12:00 | Drink water<br>Tema-aktiwiteite<br>Speeltyd op die mat binne/buite<br>Magietyd<br>Babas word gestimuleer, gerol en beentjies word geoefen.<br>Luister musiek en sing liedjies terwyl ons op die mat speel. |
| 11:30 | Middagete |
| 12:00 – 12:30 | Doeke word geruil |
| 12:30 | Drinktyd |
| 13:00 – 15:00 | Rustyd vir babas |
| 15:00 – 15:30 | Doeke word geruil, Drinktyd & Jogurt eet |
| 15:30 | Vryspel en begin gereed maak om huis toe te gaan |

***Doekeruil gaan geskied soos nodig***

PEUTERS (1 – 2 jaar)

| | |
|---|---|
| 07:00 – 08:00 | Aankoms, pap en vryspel in die klaskamer |
| 08:00 – 08:30 | Doeke word geruil<br>Drinktyd |
| 08:30 – 09:30 | Rustyd |
| 09:30 – 10:45 | Jogurt as oggendhappie<br>Doeke word geruil<br>Gestruktureerde/opvoedkundige spel |
| 10:45 – 11:30 | Buitespel |
| 11:30 – 12:00 | Opruimtyd, Handjies word gewas & Doeke word geruil |
| 12:00 – 13:00 | Middagete<br>Vryspel<br>Drinktyd |
| 13:00 – 15:00 | Rustyd |
| 15:00 – 15:30 | Middagversnapering deur Mamma ingepak |
| 15:30 – 17:30 | Doeke ruil<br>Maak reg om huis toe te gaan |

***Doekeruil gaan geskied soos nodig***



**KLEUTERS (2 jaar tot 3 jaar)**

| | |
|---|---|
| 07:00 – 08:00 | Aankoms, pap en vryspel in die klaskamer |
| 08:15 – 08:45 | Oggendkring met Godsdiens, Sang en Wiskunde |
| 08:45 – 09:00 | Toiletroetine |
| 09:00 – 09:30 | Opvoedkundige en/of Gestruktureerde Spel |
| 09:30 – 10:30 | Jogurt as oggendhappie<br>Toiletroetine<br>Vryspel |
| 10:30 – 11:00 | Temabespreking & Skeppend |
| 11:00 – 11:30 | Vryspel |
| 11:30 – 12:00 | Opruimtyd & Handjies word gewas<br>Storie- & liedjietyd |
| 12:00 | Speelgroepieklassie verdaag |
| 12:00 – 13:00 | Middagete<br>Vryspel |
| 13:00 – 15:00 | Toiletroetine<br>Middagslapie |
| 15:00 – 15:30 | Toiletroetine<br>Middagversnapering deur Mamma ingepak |
| 15:30 – 17:30 | Doeke ruil<br>Maak reg om huis toe te gaan |

***Doekeruil gaan geskied soos nodig***



# DAGSORG BENODIGHEDE

Die babas se daaglikse roetine bestaan uit verskeie stimulerende aktiwiteite wat by die babas se vermoëns en behoeftes aanpas soos bv spel met opvoedkundige speelgoed, musiek en buitespel (indien die weer dit toelaat). Slaaptyd word ingeruim volgens die babas se individuele behoeftes.

**BABAS 3 MAANDE TOT 5 MAANDE**

**HIERDIE GEMERKTE BENODIGHEDE MOET DAAGLIKS SKOOL TOE KOM:**

- ***VERPLIGTE*** baba asemhalings monitor (Snuza) vir babas tot 5 maande.
- ‘n Duidelik gemerkte doekesak.
- 3 stelle klere in ‘n plastieksak (gemerk). Pak asb klere in vir warm- en koue dae.
- Die baba se bottels met melk of afgekoelde kookwater, moet daagliks deur mamma ingepak word. Die poeiermelk word daagliks klaar afgemeet in ‘n houertjie en na die skooltjie toe gestuur. Borsmelk moet asb die regte hoeveelheid, reeds in ‘n bottel, skooltjie toe gestuur word. Geen sakkies met gevriesde borsmelk nie. Die 1ste bottel wat die babas in die oggend kry, moet asb reeds aangemaak skooltjie toe kom.
- Trosie vir slaaptyd (doedoedoek/fopspeen/teddie).
- Weggooidoeke: Doeke kan of daagliks ingepak word (+/- 6 per dag) of ‘n pak doeke kan by die skooltjie gelos word en die doeke word aangevra soos benodig. Asb **GEEN** pullups!



**HIERDIE GEMERKTE BENODIGHEDE KOM DIE EERSTE DAG VAN SKOOLTJIE SAAM OM IN DIE KLASSIE TE BLY:**

Ons maats benodig die volgende items en dit moet die eerste dag van skool, in 'n gemerkte plastieksak, skool toe gebring word.

- 2 x Paslakens (680 mm x 1330 mm). GEEN "receivers" as lakens nie.
- Normale grootte kussing met 2 x slope, wat gebruik word vir magietyd of om agter die baba se ruggie te sit of om die matras se kop te lig.
- Kombersies (een dunnetjie en een dikker enetjie)
- 2 x pak (80) "wet wipes"
- Handdoek
- 2 x Waslap
- Boudjiesalf
- Babapap, indien hy/sy nog nie Weetbix, Mieliepap of Oats kan eet nie.
- 4 x bokse (200) sneesdoekies
- 4 x boksies "nappy bags"
- 'n Bal om mee te speel
- 1 x Babapoeier

**<u>BABAS 6 MAANDE TOT ± 11 MAANDE</u>**

**HIERDIE GEMERKTE BENODIGHEDE MOET DAAGLIKS SKOOL TOE KOM:**

- 'n Duidelik gemerkte doekesak.
- 3 stelle klere in 'n plastieksak (gemerk). Pak asb klere in vir warm- en koue dae.
- Die baba se bottels met melk of afgekoelde kookwater, moet daagliks deur mamma ingepak word. Die poeiermelk word daagliks klaar afgemeet in 'n houertjie en na die skooltjie toe gestuur. Borsmelk moet asb die regte hoeveelheid, reeds in 'n bottel, skooltjie toe gestuur word. Geen sakkies met gevriesde borsmelk nie. Die 1ste bottel wat die babas in die oggend kry, moet asb reeds aangemaak skooltjie toe kom.
- Trosie vir slaaptyd (doedoedoek/fopspeen/teddie).
- Weggooidoeke: Doeke kan of daagliks ingepak word (+/- 6 per dag) of 'n pak doeke kan by die skooltjie gelos word en die doeke word aangevra soos benodig. Asb **GEEN** pullups!
- 5 x jogurts weekliks of 1 x per dag (indien hy/sy mag begin om jogurt te eet)
- Kinders wat tot 17:00 bly, moet asb 'n middag versnapering saambring.



**HIERDIE GEMERKTE BENODIGHEDE KOM DIE EERSTE DAG VAN SKOOLTJIE SAAM OM IN DIE KLASSIE TE BLY:**

Ons maats benodig die volgende items en dit moet die eerste dag van skool, in 'n gemerkte plastieksak, skool toe gebring word.

- 2 x Paslakens (680 mm x 1330 mm). GEEN "receivers" as lakens nie.
- Normale grootte kussing met 2 x slope, wat gebruik word vir magietyd of om agter die baba se ruggie te sit of om die matras se kop te lig.
- Kombersies (een dunnetjie en een dikker enetjie)
- 2x pak (80) "wet wipes"
- Handdoek
- 2 x Waslap
- Boudjiesalf
- Babapap, indien hy/sy nog nie Weetbix, Mieliepap of Oats kan eet nie.
- 4 x bokse (200) sneesdoekies
- 4 x boksies "nappy bags"
- 'n Bal om mee te speel
- 1 x Babapoeier
- 'n Waterbekertjie/sippy-cup vir water deur die dag

**<u>BABAS 11 MAANDE TOT ± 18 MAANDE</u>**

**HIERDIE GEMERKTE BENODIGHEDE MOET DAAGLIKS SKOOL TOE KOM:**

- 'n Duidelik gemerkte doekesak.
- 3 stelle klere in 'n plastieksak (gemerk). Pak asb klere in vir warm- en koue dae.
- Die baba se bottels met melk of afgekoelde kookwater, moet daagliks deur mamma ingepak word. Die poeiermelk word daagliks klaar afgemeet in 'n houertjie en na die skooltjie toe gestuur. Borsmelk moet asb die regte hoeveelheid, reeds in 'n bottel, skooltjie toe gestuur word. Geen sakkies met gevriesde borsmelk nie. Die 1ste bottel wat die babas in die oggend kry, moet asb reeds aangemaak skooltjie toe kom.
- Trosie vir slaaptyd (doedoedoek/fopspeen/teddie).
- Weggooidoeke: Doeke kan of daagliks ingepak word (+/- 6 per dag) of 'n pak doeke kan by die skooltjie gelos word en die doeke word aangevra soos benodig. Asb **GEEN** pullups!
- 5 x jogurts weekliks of 1 x per dag (indien hy/sy mag begin om jogurt te eet)
- Kinders wat tot 17:00 bly, moet asb 'n middag versnapering saambring.

**HIERDIE GEMERKTE BENODIGHEDE KOM DIE EERSTE DAG VAN SKOOLTJIE SAAM OM IN DIE KLASSIE TE BLY:**

Ons maats benodig die volgende items en dit moet die eerste dag van skool, in 'n gemerkte plastieksak, skool toe gebring word.

- 2 x Paslakens (680 mm x 1330 mm). GEEN "receivers" as lakens nie.
- Normale grootte kussing met 2 x slope, wat gebruik word vir magietyd of om agter die baba se ruggie te sit of om die matras se kop te lig.
- Kombersies (een dunnetjie en een dikker enetjie)
- 2x pak (80) "wet wipes"
- Handdoek
- 2 x Waslap
- Boudjiesalf
- 4 x bokse (200) sneesdoekies
- 4 x boksies "nappy bags"
- 'n Bal om mee te speel
- 1 x Babapoeier
- 'n Waterbekertjie/sippy-cup vir water deur die dag
- Boontjiesakkie
- 'n "Pre-loved" speelding wat by die huis stof opgaar (nie sagte-speelgoed soos teddiebere, ens nie)

**LET ASB DAAROP DAT DIE BABAS OORSKUIF NA DIE 1 – 2 JAAR KLASSIE, IN DIE JAAR WAT HY/SY 2 WORD.**



## PEUTERS 1 – 2 JAAR

Die peuters se daaglikse roetine bestaan uit verskeie stimulerende aktiwiteite wat by hul vermoëns en behoeftes aanpas soos bv vryspel, asook gestruktureerde aktiwiteite bv verf, teken, plak, sing, liggaamsoefeninge, musiekaktiwiteite en spel onder toesig met opvoedkundige speelgoed. 'n Spesifieke tema word weekliks gevolg en ouers word aangemoedig om ook tuis met die kleuter daaroor te gesels.

**HIERDIE GEMERKTE BENODIGHEDE MOET DAAGLIKS SKOOL TOE KOM:**

- 'n Duidelik gemerkte skooltassie
- 3 stelle klere in 'n plastieksak (gemerk). Pak asb klere in vir warm- en koue dae.
- 2 x groot bottels (afhangende van hoe Mamma besluit om melk te bring). Die bottels melk word verminder soos die jaar aangaan.
- Die peuter se bottels met melk of afgekoelde kookwater, moet daagliks deur mamma ingepak word. Alle bottels moet asb klaar aangemaak skooltjie toe kom.
- Weggooidoeke: Doeke kan daagliks ingepak word (+/- 6 per dag). **GEEN** "pull ups" asb!
- 1 x pak (80) "wet wipes"
- Boudjiesalf
- Babapoeier
- Kosblik met broodjie (GEEN lekkergoed) en koeldrankbotteltjie met uittrek proppie bv Oros botteltjie of bekertjie met sappie/water. 'n Botteltjie met sap en 'n botteltjie met water moet asb daagliks ingepak word.
- Trosie vir slaaptyd (doedoedoek/fopspeen/teddie)
- Jogurt vir oggendhappie moet asb daagliks ingepak word.

**HIERDIE GEMERKTE BENODIGHEDE KOM DIE EERSTE DAG VAN SKOOLTJIE SAAM OM IN DIE KLASSIE TE BLY:**
Ons maats benodig die volgende items en dit moet die eerste dag van skool, in 'n gemerkte plastieksak, skool toe gebring word.

- 2 x Paslakens (1200mm x 540mm)
- Kussing met 2 x slope (normale grootte kussing)
- Kombersies. Een dunnetjie vir die somer en een dikker enetjie vir die winter.
- 4 x boksies "nappy bags"
- Handdoek
- Waslap
- 4 x bokse sneesdoekies (200)
- 'n Groot bal wat kan bons
- Hoola-hoop
- Boontjiesakkie
- 'n "Pre-loved" speelding wat by die huis stof opgaar (nie sagte-speelgoed soos teddiebere, ens nie)

**LET ASB DAAROP DAT DIE BABAS OORSKUIF NA DIE 2 – 3 JAAR KLASSIE, IN DIE JAAR WAT HY/SY 3 WORD.**

## DAGSORG KLEUTERS 2 – 3 JAAR

Hul dag bestaan uit 'n daaglikse program wat die volgende insluit: Vryspel asook gestruktureerde aktiwiteite bv verf, teken, skeur, plak, sing, liggaamsoefeninge, musiekaktiwiteite en spel onder toesig met opvoedkundige speelgoed. 'n Spesifieke tema word weekliks gevolg en ouers word aangemoedig om ook tuis met die kleuter daaroor te gesels.

In hierdie groepie word u kind geleer om die toilet te gebruik wanneer hulle emosioneel gereed is daarvoor. Die klasjuffrou sal met u gesels daaroor.

**HIERDIE GEMERKTE BENODIGHEDE MOET DAAGLIKS SKOOL TOE KOM:**

- 'n Gemerkte skooltassie
- Ligte, gesonde middaghappie vir na rustyd in 'n kosblik. GEEN lekkergoed asb.
- Koeldrankbotteltjie met 'n uittrekproppie bv Oros botteltjie, met sappie/water. 'n Botteltjie met sap en 'n botteltjie met water moet asb daagliks ingepak word.
- 1 stel klere in 'n plastieksak (3 stelle indien die kleuter nog "potty train"). Pak asb klere in vir warm- en koue dae.
- 3 x onderklere vir glipsies vir wanneer u kind gaan "potty train"
- 6 weggooidoeke, boudesalf en "wipes" indien u kind nog doek dra. **GEEN** "pull ups" indien u kind nog nie die toilet gebruik nie.
- Trosie vir slaaptyd (doedoedoek/teddie)
- 'n Jogurt daagliks vir oggendhappie

**HIERDIE GEMERKTE BENODIGHEDE KOM DIE EERSTE DAG VAN SKOOLTJIE SAAM OM IN DIE KLASSIE TE BLY:**

Ons maats benodig die volgende items en moet dit die eerste dag van skool in 'n gemerkte plastieksak skool toe bring.



- 2 x Paslakens (1200mm x 540mm)
- Kussing met 2 x slope (normale grootte kussing)
- Kombersies (een dunnetjie en een dikker enetjie)
- Handdoek
- Waslap
- 4 x boksies "nappy bags"
- 4 x bokse sneesdoekies (200)
- 'n Groot bal wat kan bons
- Hoola-hoop
- Boontjiesakkie
- 1 x stel sandspeelgoed
- 'n "Pre-loved" speelding wat by die huis stof opgaar (nie sagte-speelgoed soos teddiebere, ens nie)

**SPEELGROEPIE KLEUTERS 2 – 3 JAAR**

Hierdie maatjies is nie deel van die dagsorg nie.

**ALLE BENODIGHEDE MOET GEMERK WEES ASB!**

- ’n Gemerkte skooltassie
- Kosblik met broodjie (GEEN lekkergoed) en koeldrankbotteltjie met ’n uittrek proppie bv Oros botteltjie, met sappie/water. ’n Botteltjie met sap en ’n botteltjie met water moet asb daagliks ingepak word.
- Ekstra klere in ’n plastieksak (3 stelle indien die kleuter nog “potty train”)
- 3 x onderklere vir glipsies vir wanneer u kind gaan “potty train”
- 6 weggooidoeke, boudesalf en “wipes” indien u kind nog doek dra. **GEEN** “pull ups” indien u kind nog nie die toilet gebruik nie.
- 2 x boksies “nappy bags”
- 4 x bokse sneesdoekies (200)
- ’n Groot bal wat kan bons
- Hoola-hoop
- Boontjiesakkie
- 1 x stel sandspeelgoed
- ’n “Pre-loved” speelding wat by die huis stof opgaar (nie sagte-speelgoed soos teddiebere, ens nie)



## NASORG (SPEELGROEPIE TOT GRAAD R)

**HIERDIE GEMERKTE BENODIGHEDE MOET DAAGLIKS NASORG TOE KOM:**

- 'n Gemerkte skooltassie
- 1 stel klere en onderklere vir glipsies in 'n plastieksak (aparte stel klere van Klein-OOSies se ekstra klere)
- Ligte, gesonde middaghappie vir na rustyd (aparte kosblik van Klein-OOSies se kosblikkie)

**HIERDIE GEMERKTE BENODIGHEDE KOM DIE EERSTE DAG VAN NASORG SAAM OM IN DIE KLASSIE TE BLY:**

- 1 x Paslaken (1200mm x 540mm)
- Kussing met 'n kussingsloop (normale grootte kussing)
- Kombers
- 4 x pakke sneesdoekies (200)
- 1 x stel sandspeelgoed
- Inkleurboek
- 1 x 2 l leë wit roomysbak met deksel
- A4 Croxley materiaal sakkie met ritsluiter
- Potloodsakkie met kleurpotlode/Twisties
- Waslap
- 'n "Pre-loved" speelding wat by die huis stof opgaar (nie sagte-speelgoed soos teddiebere, ens nie)



# SIEK-beleid

In die volgende gevalle vereis ons beleid dat kleuters by die skool gehaal word en ten minste 24 uur tuis bly voordat hy/sy simptoomvry na SlimBegin terugkeer:

- Indien u kind se temperatuur 37.5 grade of hoër is.
- Braking en/of 2 los stoelgange (ook in geval van tandekry, aangesien ons nie die risiko mag loop dat dit moontlik iets anders kan wees nie).
- Onverklaarbare veluitslag/kolle/ringwurm.
- Indien u kind gehospitaliseer is, moet u kind 24 uur tuis wees na ontslag, voordat u kleuter kan terugkeer na die skooltjie.

Hou asb u kleuter tuis in die volgende gevalle:

- Indien hy/sy verkoue simptome het, 'n diep brongiale hoes en seer keel het.
- Indien hy/sy 'n erge loopneus het wat groen/geel is, asook 'n ooginfeksie.
- Ingeval van toediening van medikasie wat kleuters lomerig of huilerig maak.
- Indien u kleuter op 'n kursus antibiotika geplaas is, moet 48 uur verloop sedert die begin daarvan voordat die kleuter kan terugkeer skooltjie toe.
- Indien u kind enige oordraagbare siekte het.

Vir u kind se veiligheid vereis ons dat ouers die skoolhoof skriftelik in kennis stel van enige allergië of mediese toestand wat u kind het of ontwikkel. Dit sal ons in staat stel om die nodige inligting behoorlik aan te teken en aan die nodige personeel te versprei.

Ons moet vereistes stel om die gesondheid en veiligheid van ons kleuters en personeel in die skooltjie te verseker.



# MEDIKASIE beleid

**GEEN** medikasie sal toegedien word by die skool sonder skriftelike toestemming van die ouers nie. Dus moet kinders met koors, oorpyn, diarree, veluitslag, ooginfeksie, vomering en ander aansteeklike siektes, liefs tuis gehou word. Indien u kind enige van hierdie kondisies/simptome toon met aankoms of dit ontwikkel deur die loop van die dag, sal u gekontak word om u kind so gou moontlik te kom haal.

- Indien u kind siek word by die skool, sal u as ouer gekontak word as die personeel dink dit is in die kind se beste belang om huis toe/dokter toe te gaan.
- Kleuters met koors hoër as 37.5ºC, sal huistoe gestuur word, en weer toegelaat word by die skool met medikasie vir die spesifieke siekte en as die kleuter **24 uur koorsvry is, sonder medikasie.**

**GEEN KIND SAL TOEGELAAT WORD BY DIE SKOOL MET 'N AANSTEEKLIKE SIEKTE EN/OF KOORS NIE.**

Indien u kind enige vorm van medikase, behalwe pyn- of koorsstroop, moet ontvang, moet die volgende gedoen word:

- Medikasie moet aangeteken word in ons medikasieregister, waar u SlimBegin-personeel toestemming gee om 'n spesifieke medikasie aan u kind te mag gee.
- Die regte hoeveelheid medikasie moet opgetrek wees in 'n inspuitingbuis.
- Medikasie moet in 'n houer geplaas word wat gemerk is met u kind se naam.
- Alle medikasie moet in die klasjuffrou se hande gegee word en nie in die tassies gelos word nie.

# MEDIKASIE
## nie toelaatbaar

**GEEN VORM VAN PYN- OF KOORSSTROOP MAG DEUR 'N PERSONEELLID OF 'N OUER OP DIE PERSEEL VAN SLIMBEGIN GEGEE WORD NIE.**

**VOORBEELDE VAN MEDIKASIE:**

- Panado
- Calpol
- Adco-Napamal
- Painblok
- FeverPain
- Ibumol
- Ibugesic
- Nurofen
- Stilpane
- Salterpane
- Ibucine
- Ponstel
- Adco-Mefenamic Acid
- Varipan



# BYT-beleid

Jong kinders se kommunikasievermoëns is beperk, en hulle het ook nog nie geleer hoe om hul emosies en behoeftes effektief uit te druk nie. Dit is die 'n groot rede hoekom hulle hulself soms skuldig daaraan maak om te byt of te knyp, om sodoende die boodskap oor te dra dat hulle nie tevrede is met 'n spesifieke situasie nie. In die meeste gevalle wat 'n kind byt, voel die kind kwaad, gefrustreed, geïrriteerd of selfs opgewonde. Hulle het 'n emosie waaraan nou uiting gegee moet word!

Byt kom algemeen voor by kinders tussen die ouderdom van 1-3 jaar. Dit is die tydperk wat hul kommunikasievaardighede nog ontwikkel. Dit is vir ouers baie onstellend as hul kind gebyt word, maar dit is net so traumaties en 'n negatiewe ervaring vir die mamma van die byter.

By SlimBegin doen ons altyd ons bes om sulke situasies te vermy, maar dit gebeur so vinnig en nie altyd moontlik om te keer nie.

Ons teken alle byt insidente aan, en bring dit ook onder die aandag van die kleuter wat byt se mamma. Indien die gedrag herhaaldelik gebeur sal dit wel met die ouers van die kind wat byt bespreek word. Indien 'n kleuter gebyt word, mag die klasonderwyseres onder geen omstandighede die name van die kinders betrokke aan die ouers gee nie. Dit sal net onnodige spanning en drama veroorsaak.


Waarom byt peuters en kleuters?

- 'n Maat het iets gedoen waarvan die kind nie hou nie. Die kind byt of knyp dan om so vir die maat te sê om dit nie weer te doen nie.
- Wanneer 'n kind spanning ervaar as gevolg van byvoorbeeld, veranderinge in die gesin of trauma, kan dit versoorsaak dat hy sy maats byt om van sy eie frustrasies, woede of hartseer ontslae te raak.
- Jou kind se dieet speel ook 'n belangrike rol. 'n Kind wat te veel suiker of stysel eet word vinniger geïrriteerd.
- Moegheid of honger maak 'n kind geïrriteerd en is ook genoeg rede dat hy 'n ander sal seermaak.
- Daar is ook gevalle waar kinders byt om te manipuleer en die grense te toets.

# LUIS-beleid

By SlimBegin laat ons ongelukkig geen kleuters toe wat luise of nete het nie.

Kleuters sal ‘n “Rooi Briefie” ontvang om so die ouers in kennis te stel van dit.



## Dankie dat u SlimBegin gekies het as ‘n slim begin om u kind speel-speel te laat groei en ontwikkel in ‘n veilige omgewing.

## Ons sien uit daarna om hierdie pad met u te stap.